

# GEDRAGSKODE VIR LEERLINGE

## 1. DISSIPLINE

- Dissipline behels dat leerlinge wil weet waar hulle grense lê en wat die reëls is om orde en dissipline te handhaaf. Sodanige dissipline laat individue geborge voel en ontwikkel selfdissipline.
- Dissipline sluit die vorming van individue se karakter in totaliteit in deur goeie gedrag aan te moedig en onaanvaarbare gedrag reg te stel.
- Dissipline is die voorbeeld wat 'n volwassene aan 'n leerling stel om hom/haar op die pad na volwassenheid te begelei.
- Dissipline is daarop gerig om die kind in totaliteit vir die lewe voor te berei.
- Strafmaatreëls is slegs 'n tydelike deel van dissipline: 'n korttermynreël om die leerling van verkeerde optrede te weerhou.
- Om te dissiplineer beteken om op te voed met die oog op die ordelike verloop van skoolaktiwiteite en dit word vaste reëls m.b.t. skooldrag, netheid, stiptelikheid, vermyding van pligsversuim en swak gedrag.
- Daar word verwag dat ouers en leerlinge hulle aan die nakoming van reëls en voorskrifte sal verbind.
- Binne hierdie struktuur van dissipline, word 'n rustige studie-atmosfeer geskep waardeur leerlinge aangespoor word om hulle volle potensiaal te ontwikkel en terselfdertyd leierskap en selfdissipline te bevorder.
- Indien enige leerling na die oordeel van die skoolbestuur hom/haar aan 'n oortreding skuldig maak, kan dit tot dissiplinêre optrede of detensie lei.

## 2. SKOOLBYWONING EN AFWESIGHEDE

Getroue skoolbywoning is van die allergrootste belang vir sukses en vordering t.o.v. akademie, sport en kultuur. Leerlinge behoort nie onnodig van die skool af weg te bly nie, maar moet ook nie siek skool toe kom nie. Indien 'n leerling afwesig is weens siekte of enige ander rede, moet die ouers dieselfde oggend die skool skakel en die afwesigheid aanmeld. Indien 'n leerling weens siekte afwesig was, moet 'n doktersertifikaat of skriftelike verskoning van die ouers aan die skool besorg word. Tydens eksamens en toetsdae moet afwesighede met 'n mediese bewys gestaaf word en aan die skoolhoof gerig word.

## 3. VERLAAT VAN SKOOLTERREIN TYDENS SKOOLURE

Wanneer verlof aan leerlinge toegestaan word om die skoolterrein te verlaat, moet ouers hulle persoonlik by ontvangs kom afhaal. Ontvangs sal die leerling per interkom ontbied. Ouers teken by ontvangs vir leerlinge uit en ontvang 'n bewys wat aan sekuriteit by die hek oorhandig word. Wanneer leerlinge by die skool siek word, sal die nodige reëlings deur die skool getref word. Geen leerling mag self die ouer skakel nie.

## 4. SKOOLTYE

**Aanvang:** 07:35 Alle leerlinge; (07:25 Personeel)  
**Verdaag:** Graad 1 tot 3 : daaglik 13:30  
Graad 4 tot 7 : daaglik 14:00

**(Enige verandering in skooltye sal betyds aan leerlinge en ouers bekendgemaak word.)**

## 5. BEWEGING VOOR SKOOL / AANTREE / TASSE

Sodra leerlinge soggens by die skool kom, word alle tasse voor die klaskamers neergesit voordat hulle na die speelterrein beweeg. Sportsakke word in die sluitkaste geplaas. Alle tasse moet ordelik in rye voor die klasse geplaas word. Op Dinsdae en Donderdae word tasse by die eerste lesperiode geplaas en op Maandae, Woensdae en Vrydae word tasse by die registerklas geplaas. Geen tasse of sportsakke mag in die kleedkamers geplaas word nie. Geen leerling mag voor skool op die stoepe wees nie. Sodra die klok lui, beweeg alle leerlinge ordelik en flink na die vierkant of die klaskamer. Reëlings vir die dag word aan die skool deurgegee.

## 6. SAALOPENING

Leerlinge tree op Maandagoggende om 07:35 in die vierkant aan vanwaar hulle na die saal beweeg. Registeronderwysers vergesel hulle klasse na die saal en is vir die klas se se dissipline verantwoordelik. Personeel bly na afloop van die opening in die saal en hanteer die ordelike verdaging. Leerlinge dra hulle kleurbaadjies tydens saalopening.

## 7. VERDAGING EN AFSLUITING AAN DIE EINDE VAN DIE SKOOLDAG

Die interkom word aan die einde van die skooldag aangeskakel. Daar moet absolute stilte heers terwyl aankondigings gemaak word. Die dag se verrigtinge word daarna met gebed deur die klasonderwyser afgesluit. Daarna word die boeke weggepak en vensters toegemaak. Geen leerling verlaat die klaskamer voor die verdagingstyd nie.

## 8. LAATKOM

Leerlinge moet betyds by die skool opdaag. Indien ouers probleme met vervoer of verkeer ondervind, moet die skool in kennis gestel word. Herhaaldelike laatkommery is 'n ernstige oortreding en skep 'n swak beeld.

## 9. OUERS BY KLASSE

Indien boodskappe, boeke, sportklere of kospakkies aan leerlinge besorg moet word, moet dit by ontvangs gelaat word. Die leerlinge sal per interkom geroep word om die artikels te kom afhaal.

**Geen ouer mag 'n klas tydens onderrig besoek nie.**

## 10. KLASWISSELING

Aan die einde van 'n periode word boeke opgepak. Die stoele word netjies onder die tafels geplaas en die klas word opgeruim. Leerlinge tree by die deure aan. Leerlinge verlaat die klaskamer ordelik en rustig en beweeg flink na die volgende klas. Wanneer leerlinge van klasse verwissel, moet hulle ordelik beweeg en by die volgende klas wag totdat hulle opdrag ontvang om in die klas in te gaan. Leerlinge beweeg te alle tye in klas- of graadgroepe. Ordereëlins voor lesperiodes word deur elke opvoeder self getref ooreenkomstig sy/haar oordeel. Geen lawaai, luidrugtigheid of geskree word toegelaat nie. Geen leerling mag op die stoepe hardloop nie. Daar moet te alle tye orde op die trappe wees. Leerders mag nie laat by klasse opdaag nie.

## 11. GEDRAG

Daar word verwag dat leerlinge altyd goedgemanierd en hoflik sal optree teenoor mekaar, die personeel, besoekers en die publiek.

### In die klaskamers:

Daar moet deurlopend 'n stil en rustige atmosfeer in die klaskamers heers. Beheersde gedrag van die opvoeder is uiters belangrik om dissipline te handhaaf. 'n Leerling wat met werk besig is, is gedissiplineerd. Leerlinge sit op spesifieke plekke, skuif nie rond nie en beweeg dadelik na hul onderskeie sitplekke. Leerlinge haal die toepaslike boeke uit en is lesgereed pas nadat hulle in die klas aangekom het. Onderwysers en leerlinge gee onverdeelde aandag tydens lesaanbieding. Leerlinge doen slegs die werk in daardie betrokke vak en nie ander werk nie. Leerlinge steek hul hande op indien vrae beantwoord of gevra word. Antwoorde word nie uitgeskree nie. Geen leerling stap in klaskamers rond nie, veral nie tydens onderrig nie. Leerlinge pla nie ander leerlinge in die klas nie. Daar word nie in die klasse geëet of gedrink nie. Rommel word nie in klaskamers gestrooi nie. Indien 'n personeellid afwesig is, sal die leerlinge 'n toesigrooster volg. Geen leerling mag tydens toesigperiodes buite die toesigklas wees nie. Leerlinge mag nie sonder toesig of toestemming in 'n klas wees nie. Handboeke en skrifte word netjies oorgetrek en duidelik met die naam van die betrokke leerling gemerk. Opvoeders word nie deur leerlinge in die derde persoon aangespreek nie. Wanneer die skoolhoof of enige ander onderwyser in die klas kom, staan die leerlinge op en groet.

### Op die skoolterrein:

Geen leerling bly gedurende pouses in die klaskamers nie. Indien 'n leerling werk moet afhandel, moet die betrokke opvoeder ook in die klaskamer wees. Wanneer pouse aanbreek, moet daar eers stilte in die klaskamer wees totdat daar na die afkondigings geluister is. Leerlinge beweeg dan ordelik na die speelterrein. Geen rommel mag op die terrein gestrooi word nie. Geen leerling mag by die geparkeerde motors wees nie. Leerlinge mag nie tydens pouses die skoolterrein verlaat of besoekers ontvang nie. Alle besoekers moet by ontvangs aanmeld. Leerlinge mag nie met vreemdelinge buite die terrein gesels nie. Leerlinge doen kosaankope by die snoepie. Geen snoeperye mag van verkopers buite die skoolterrein gekoop word nie. Beserings of enige ongerymdhede word sonder versuim aan die personeel aan diens op die terrein gerapporteer. Leiers doen gedurende pouses, volgens 'n vooraf bepaalde rooster, diens op die speelterrein.

### Kleedkamers:

Kleedkamers moet te alle tye netjies gehou word. Geen leerling mag in die kleedkamers speel nie. Geen kos word in die kleedkamers ingeneem nie. Geen tasse, klere, sportsakke of sporttoerusting mag in die kleedkamers gelaat word nie. Geen papiere mag in die kleedkamers rondgestrooi word nie.

### Op die sportveld:

Alle reëls t.o.v. gedrag en optrede van leerders in die skool, geld ook op die sportveld. Sportspanne heet besoekers welkom, wens wenspanne geluk en groet wanneer hulle vertrek. Sportonderwysers bring die leerlinge op hoogte t.o.v. die spesifieke sportsoort se etiket. Leerlinge moet die korrekte, voor geskrewe sportdrag dra. Hou by die reëls van die spel.

### Op die busse:

Handhaaf die positiewe reëls van dissipline in die skool. Leerlinge is amptelik aan die skool verbind en die skool sal indien daar probleme opduik, verplig wees om die leerling te dissiplineer. Wag vir die betrokke personeellid voordat die bus betree word. Klim ordelik op die bus en maak dit van agter af vol. Busse word ook ordelik verlaat. Dit is verpligtend dat alle leerlinge vasgegordel sal wees. Geen rommel word in die busse gestrooi nie. Geen persoon staan, stap in die bus rond, steek arms by vensters uit of skree nie. Respekteer die bestuurder.

### Kulturele en of ander funksies:

Alle reëls t.o.v. gedrag en optrede van leerlinge in die skool, geld ook tydens kulturele- en skoolfunksies.

## 12. WAARDEVOLLE EIENDOM

Alle persoonlike besittings moet duidelik gemerk wees. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal t.o.v. tasse, klere, selfone, speelgoed ens. wat by die skool plaasvind nie. Laat waardevolle artikels asseblief tuis. Geen selfone word in klasse toegelaat nie. Selfone word in sluitkassies toegesluit.

## 13. HANDBOEKE EN SKRIFTE

Voorsiening: Handboeke word deur die skool verskaf. Indien handboeke verlore sou raak, is die leerlinge verantwoordelik vir die vervanging op eie koste.

Versorging: Alle handboeke moet netjies oorgetrek wees. Skrifte moet netjies versorg en oorgetrek word, soos deur die personeel voorgeskryf. Die handskrif in die skrifte moet te alle tye netjies wees.

## 14. SKOOLEIENDOM

Geboue en meubels mag onder geen omstandighede misbruik, verniel of bekrap word nie. Handboeke moet netjies gehou en goed opgepas word. Niemand mag met elektriese of brandbestrydingsapparaat peuter nie. Leerlinge se eiendom is privaat. Ander leerlinge moet dit respekteer en met rus laat. Eiendom wat beskadig word, word deur die betrokke individu herstel of vervang.

## 15. TASSE

Tasse moet stewig wees sodat boeke daardeur beskerm word. Tasse sonder afskortings word nie toegelaat nie. Tasse moet duidelik gemerk wees. Geen graffiti, plakkers of tekens word op tasse toegelaat nie.

## 16. JAARPROGRAM

Elke leerling ontvang aan die begin van elke jaar 'n beplanningsgids met die volledige jaarbeplanning van die skool sodat beide die ouers en leerlinge op hoogte van skoolaktiwiteite gehou kan word. 'n Algemene omsendbrief word op Woensdae uitgestuur en 'n Sportbrief met oefen- en wedstrydbepalings word elke Dinsdag beskikbaar gestel. Inligting verskyn ook op die skool se webwerf en kommunikeerder.

#### 17. BESOEKE AAN ALGEMENE KANTOOR

Leerlinge besoek die algemene kantoor slegs op versoek of indien hulle 'n amptelike skoolaangeleentheid moet afhandel. Besoeke vind slegs gedurende pouses, registerperiodes en voor- of na skool plaas. Leerlinge mag dringende telefoonoproepe vanaf die skoolkantoor maak.

#### 18. SLUITKASSIES

Elke leerling in die Senior Primêre Fase ontvang 'n sluitkassie. Indien daar voldoende sluitkaste beskikbaar is, sal leerlinge in die Junior Primêre Fase ook een ontvang. Leerlinge moet drie sleutels vir hul sluitkas hê. Een sleutel hou hul by hulself, 'n tweede sleutel is in besit van die registeronderwyser en 'n derde sleutel is in besit van die ouer. Sluitkaste moet netjies gehou word. Leerlinge sluit hul sporttoerusting ens. in die sluitkaste toe. Geen persoon mag met iemand anders se sluitkas peuter nie.

#### 19. EKSAMENS EN TOETSE

Termyn-toetse vir graad 4-7 is in die beplanningsgids geskeduleer en vind op Vrydae vanaf 07:45 tot 08:45 plaas. Klastoetse is deel van deurlopende assessering en word gedurende elke termyn in die akademiese klasse geskryf. Eksamens word gedurende die tweede en derde termyn geskryf. Eksamenroosters is in die beplanningsgids uiteengesit maar is onderhewig aan verandering. Werkafbakening waarvoor toetse en eksamens geskryf word, word vroegtydig aan leerlinge voorsien.

#### 20. VERDIENSTE EN MERIETE TOEKENNINGS

Toekennings word volgens die skool se bekroningsreglement gemaak en kan verwerf word op akademiese-, kultuur- en sportgebied. Die bekroningsreglement word jaarliks aangepas en opgradeer.

#### 21. SPEELTERREIN

Onderwysers doen diens in die oggend voor skool, pouses en 10 minute na skool op die speelterrein en by die uitgangshekke. Met inagneming van portuurgroep, geslag en veiligheid van die leerlinge speel hulle op die volgende areas:

- Graad 1 – 3 – Skaakbord, grasperke voor die snoepie
- Graad 1 – 7 – Leerders wat sonder balle speel op die boonste sportveld
- Graad 1 – 7 – Leerders wat met balle speel op die middelste sportveld

**Verbode terreine moet streng gehandhaaf word.**

#### 22. SKOOLDRAG

Leerlinge van graad 1 tot 7 dra die voorgeskrewe skooldrag vir alle skoolgeleenthede. Alle kledingstukke, insluitende skoene, moet duidelik met die kind se naam gemerk wees.

**Baadjies en skoene word elke dag na en van die skool gedra.**

Die skooldrag is soos volg:

##### Seuns

Kleurbaadjie met wapen, grys langbroek, wit langmouhemp en das in die winter. Wit kortmouhemp sonder das en grys kortbroek in die somer. Swart toeryg leerskoene en grys kouse.

##### Dogters

Kleurbaadjie met wapen, groen skoolrok, wit kortmouhemp en wit sokkies in die somer. Kleurbaadjie met wapen, wit langmouhemp met das, groen skoolrok met swart kousbroekie of grys skoollangbroek met grys sokkies in die winter. Swart leerskoene met bandjie.

\* Bottelgroen gestopte Jan Celliers-baadjie, skoolserp en skooltrui is opsioneel in die winter.

\* Bottelgroen reënbaadjie met 'n kappie mag in reënweer gedra word.

\* Oortrektrui vir seuns is opsioneel in die somer en winter.

\* Leerlinge moet te alle tye die skool in volle skooldrag bywoon.

**LW: Die sweetpak en sportskoene is deel van die sportdrag en nie deel van die daaglikse skooluniform nie.**

#### 23. SPORTDRAG

Volgens sportsoort soos deur die Departement Sport voorgeskryf is.

#### 24. VOORKOMSREËLS

##### Dogters

##### Hare:

\* Dogters dra slegs hul natuurlike haarkleur. Geen gekleurde of gebleikte hare word toegelaat nie.

\* Sodra hare oor die hemskraag hang, moet dit vasgemaak word.

\* Haartoebehore mag gedra word – slegs bottelgroen of geel haartoebehore word by die amptelike skooldrag gedra.

\* Kuifies mag nie oor die wenkbroue hang nie en geen loshaarstukkies nie.

\* Hare moet met knippies uit die gesig gehou word.

\* Rekkies met kleure so na as moontlik aan die dogter se natuurlike haarkleur word toegelaat.

\* Lang hare moet netjies vasgemaak word.

\* Hare moet netjies gekam wees.

\* Geen oormatige jel of stileringsmiddels word toegelaat nie.

Juwel:

- \* Geen hangertjies, armbande of ringe word saam met skool- en sportdrag toegelaat nie.
- \* Slegs een paar goue/silwer oorbelletjies mag gedra word. Die dogters het 'n keuse tussen knopies (studs) en smal ringetjies.
- \* Geen ander oorbelletjies is toelaatbaar nie.
- \* Polshorlosies is toelaatbaar.

Naels:

- \* Naels is kort en skoon.
- \* Geen naellak is toelaatbaar nie.

Grimering:

- \* Geen grimering van enige aard word toegelaat nie.

Seuns

Hare:

- \* Seuns se hare moet te alle tye netjies kort gesny wees.
- \* Geen "steps", "spikes", gekleurde of gebleikte hare of vreemde haarstyle word toegelaat nie.
- \* Hare mag nie oor die ore of die hemskraag hang nie.
- \* Gel mag gebruik word om hare te stileer, maar nie om hare regop te laat staan nie.

25. OUERAANDE / INLIGTINGSESSIES

Geskeduleerde geleenthede waartydens ouers per voorafgemaakte afspraak personeel kan kom spreek, verskyn op die jaar program.

Opvoeders kan ook met ouers skakel vir 'n afspraak.

Ouers is welkom om te skakel indien afsprake met opvoeders verlang word.

26. ALGEMEEN

Laerskool Jan Celliers is 'n goed geordende gemeenskap en tree altyd gedissiplineerd op.

Dit is bevorderlik vir goeie prestasie. Die beste dissipline is selfdissipline en daarom streef ons tot ons eie voordeel en tot voordeel van mekaar altyd daarna. Die samewerking van elke leerling, ouer en opvoeder word vriendelik versoek.